SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 6 OKTOBER 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

SUID-AFRIKAANSE AMATEUR VERSKAF WEEREENS 'N KOPPELING NA IRS IN DIE ARISS PROGRAM

ITU-NUUS

SPESIALE STASIE VIR BRITSE KONINGIN SE GOUE JUBILEUMJAAR

3DE PARTY VERKEER OP AMATEURBANDE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

SUID-AFRIKAANSE AMATEUR VERSKAF WEEREENS 'N KOPPELING NA IRS IN DIE ARISS PROGRAM

Met Peggy Whitson in beheer van NA1SS het sy op 27 September met jongelinge in die Joamie Iuniarvik, 'n kindertuin tot Graad 5 skool in Iqaluit, die hoofstad van Kanada se jongste gebied, Munavut, gepraat.

Die leerlinge het met Whitson gepraat via 'n telekonferensiekring wat die ARISS se veteraan aardstasie-operateur Gerald Klatzko, ZS6BTD, ingesluit het.

Hier volg van wat Peggy gesê het in antwoord op vrae wat deur die jongelinge gestel is: 1. "Om in 'n zerogravitasie-omgewing te werk maak die doen van baie dinge makliker as op die aarde; maar as jy krag moet aanwend, is dit moeilik om vastrapplek te kry om jouself in posisie te hou".

2. Aangaande meteoriete: "Hiervandaan kan ons werklik van die meteoriete sien wanneer hulle die aarde se atmosfeer binnegaan en ons hoop nie dat een van hulle ons sal tref nie".

3. Whitson het ook verduidelik dat dit snelheid is wat die ISS in die ruimte hou en dat hulle omtrent elke drie maande weer die snelheid 'n hupstoot moet gee om dit terug te bring na 28 000 kpu wat nodig is ISS in omloop te hou.

Whitson het uitgebrei oor die belangrikheid van ruimtenavorsing en het gesê dat die menslike spesie altyd nuwe grense sal ondersoek. Sy dink dit is belangrik dat ons om baie verskillende redes die ruimte ingaan, party op 'n meer praktiese vlak, vir die wetenskap en tegnologie wat ons leer, maar veral dink sy dit is die mees belankrike dat ons die ruimte ingaan om ontdekking voort te sit.

Sarlnuus sal graag van klubs wil hoor wat suksesvol was om by skole 'n voet in die deur te kry en hoe hulle dit reggekry het sodat ander dit kan navolg. Met Mark Shuttleworth se huidige besoeke aan skole kan dit nou die regte tyd wees om iets in hierdie rigting te doen.

ITU-NUUS

Tydens die 16de ITU Gevolmagtigde Konferensie wat tans in Marrakesh, Marokko, plaasvind, is Valery Timofeev verkies as direkteur van die Internasionale TelekommunikasieUnie (ITU) se RadiokommunikasieBuro. Timofeev, wat Rusland se Adjunkminister vir kommunikasie en inligting is, het uitgebreide ondervinding in radiofrekwensiespektrumbeheer beide op nasionale en internasionale vlakke.

Die verkiesing van Timofeev beteken dat vir die eerste keer in minstens drie dekades, 'n amateurradio gelisensieërde nie hoof van van die ITU se radiokommunikasieburo is nie.

Vir die eerste keer het die internasionale RadioAmateurUnie (IARU) ook waarnemerstatus by 'n ITU gevolmagtigde vergadering.

Waarnemerstatus verleen aan die IARU die geleentheid om met die afgevaardigdes van die ledestate te "netwerk" ter ondersteuning van die IARU se doelwit van 'n wêreldwye 300 kHz toekenning by 7 MHz. Die ARRL se Tegniese Verhoudingsbestuurder Paul Rinaldo, W4RI, verduidelik dat alhoewel die 40-metersaak nie op die gevolmagdigde konferensie se agenda is nie, baie van die afgevaardigdes die voorbereidende WêreldRadiokonferensie 2003 sowel as die WRC-03 self volgende jaar sal bywoon.

SPESIALE STASIE VIR BRITSE KONINGIN SE GOUE JUBILEUMJAAR

'n Spesiale geleentheidstasie sal in bedryf wees vanaf die ligskip "PLANET" geanker in die dokke van Birkenhead, naby Liverpool, Engeland vanaf 09:00 UTC Vrydag 18 Oktober tot 16:00 UTC Sondag 20 Oktober.

Twee stasies sal gelyktydig en deurlopend in bedryf wees, een op GG en die ander op ESB met die doel om met so veel as moontlik Gemenebesstasie kontak te maak ter viering van die Koningin se Goue Jubiliemjaar.

3DE PARTY VERKEER OP AMATEURBANDE.

Na aanleiding van Sondag 29 September se berig op SARLnuus betreffende die ooreenkoms tussen die SARL en die owerheid rakende 3de party verkeer op amateurbande, is die SARL deur geaffileerde klubs genader om verder met die owerhede te onderhandel om hierdie ooreenkoms ook uit te brei na klublede wat nie noodwendig lid is van die SARL nie. Klubs voer aan dat dit soms nodig is om nie-SARL-lede te betrek om sodoende 'n voldoende kommunikasienetwerk daar te stel.

Die SARL sal spoedig 'n vergadering met die owerheid, ICASA, belê waar hierdie aangeleentheid weereens bespreek sal word om helderheid te bereik. Besonderhede sal aan SARL-Nuus deurgegee word.

CQ HOU KOERS EN JOTA

Die jaarlikse CQ Hou Koers en Jamboree-op-die-Lug word oor die naweek van 18 tot 20 Oktober 2002 gehou. Voortrekkers neem deel aan CQ Hou Koers op 18 en 19 Oktober, terwyl Padvinders en Meisiegidse wêreldwyd aan die 45ste Jamboree-op-die-Lug op 19 en 20 Oktober 2002 deelneem.

Radioamateurs word gevra om hulle plaaslike Voortrekkerkommando, Padvindergroep en/of Meisiegidskompanie te kontak en te ondersteun met hierdie aktiwiteite. Jy kan belangrik wees in die lewe van 'n kind.

NUWE LEDE

Dit is met blydskap dat die SARL die volgende persone verwelkom wat die regte stap gedoen het om lede van die liga te word:

ZSL212 John Hilton; ZSL214 Michael Beck; ZSL215 Cecil Tivers; ZSL216 Karen Lauf; ZSL217 Michael Fleming; ZSL218 Willem Weideman; ZSL219 Sandor Vas; ZSL220 Geoff Springer; ZSL225 Mike Iisley; ZSL320 Johann van Tonder; ZS5AS Braam Saayman.

Al die ZL-lede is heelwaarskynlik kandidate vir die eerskomende RAE en ons vertrou dat julle almal spoedig op die lug gehoor sal word met ZR-, ZU- of ZS-roepseine. Mag julle 'n lang en aangename verbinding met die SARL beleef.

GAUTENG BANDBEPLANNINGSVERGADERING

Die datum van die volgende Gauteng bandbeplanningskomiteevergadering is verskuif na Saterdag 12 Oktober 2002. Die vergadering wat by die NARS gehou word, sal om 09:00 SAT begin. 'n Uitnoding word gerig aan geaffilieerde en niegeaffilieerde klubs om die vergadering by te woon, wat ook die laaste vergadering vir die jaar sal wees. Dit sal 'n baie belangrike vergadering wees aangesien die kommersiële aanslag op die 70 cm-band en die riglyne vir die werking van die komitee bespreek sal word. Die SARL se boekwinkel en die Reno Faber radiokamer sal ook oop wees.

NUWE KOMITEE VIR MAGALIES RADIO-AMATEURKLUB

Tydens die algemene jaarvergadering van die Magalies Radio-amateurklub gehou op 28 September, is die volgende lede verkies tot sy bestuurskomitee vir

die 2002/2003 dienstermyn:

Voorsitter en Redakteur Pieter, ZS6LC; Visevoorsitter En Webmeester Marten, ZS6ZY; Sekretaris Magda, ZS6MVW; Tesourier George, ZS6NE; Tegnies Piet, ZS6PVW; Bemarking Johan, ZS6JPN; Sosiaal Jenny, ZR6JWN; Jeug Adriette, ZR6RIE.

Addisionele komiteelede sal geko-opteer word soos en wanneer nodig.

Dank aan die uittredende komitee (ses is herkies!) en voorspoed toegewens aan die nuwe komitee vir hul diensjaar.

MEGA-SOMERVLOOIMARK IN PRETORIA

Al die amateurradioklubs in Pretoria hou 'n gesamentlike somervlooimark op Saterdag 26 Oktober 2002. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suidkampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 10:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort, is welkom. Kom besoek gerus die Mega-vlooimark in Pretoria. Skakel Almero ZR6RY by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

Dit is dan die einde van ons nuusbulletin vir vandag.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750, 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslonden-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al diegene wat items vir hierdie bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX